

Hoofstuk van die dag: Joël 3

> *Die Here is ’n toevlug vir sy volk, ’n veilige vesting vir die Israeliete. (vers 16)*

Vroeër in die boek is daar meermale melding gemaak van die “Dag van die Here”, dikwels met die betekenis dat dit ’n oordeelsdag oor God se weerspannige volk sal wees. Hier, aan die einde, voorsien Joël egter dat daar ’n finale Dag van die

Here sal aanbreek waar alles wat onrein en onheilig is, weg sal wees, en waar al die vyande van God se volk finaal verslaan sal wees. Dis ’n tyd waarin God se mense dit sal ervaar dat Hy ’n veilige vesting vir hulle is, en dat daar oorvloed vir hulle sal wees (vers 18).
Hierdie hoop vind uiteindelik neerslag in die boek Openbaringe, waar Op 21:3 sê: “Toe het ek ’n harde stem van die troon af hoor sê: ‘Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.’” Só bereik die hoop wat Joël in hoofstuk 2 verkondig het, sy ongelooflike hoogtepunt en vervulling. Ons is op pad na die ewige heerlikheid in God se teenwoordigheid!
Dís mos ’n hoop waarmee ons kan leef!

Naskrif: Ek gaan later vandag geopereer word en sal vir ses weke buite aksie wees. In dié tyd gaan ek nie hierdie rubriek behartig nie. Ek sal (DV) weer begin sodra ek herstel het. Seënwense!



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …

Hoofstuk van die dag: Joël 2

> *Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep. (vers 13)*

Die hoofstuk begin met ’n roerende beskrywing van ’n sprinkaanplaag wat alles voor hom platvee. Dié verskrikking noem Joël die Here se leërmag (vers 11). Vers 12 gee die rede vir dié katastrofe: iewers langs die pad het God se volk van die Here af weggedwaal. Hulle word opgeroep om na Hom terug te keer; nie sommer net met uiterlike bewyse van berou nie, maar hartgrondig (vers 13).
Die oproep tot terugkeer is ’n hoopvolle een, want God is genadig en barmhartig. Hy is bereid om jou ’n nuwe kans te gee. Dié versekering word van vers 18 af met uitdruklike beloftes van seën bevesting. Dit is ’n herstel van die land ná die verwoesting, maar ook ’n Geestelike seën (vers 28).
Waar die Here is, is daar hoop. Die Here Jesus het dit tog belowe in Joh 6:37: “Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.” Dis ook die hoop waarmee die digter van Psalm 130 ons troos. Dié hoop is vir jou ook!



Hoofstuk van die dag: Joël 1

> *Hy het my wingerd verwoes, my vyeboom afgebreek, dit kaalgestroop en laat lê; die lote se bas is afgevreet. (vers 7)*

Joël beskryf ’n sprinkaanplaag wat niks minder is nie as ’n

kolossale ramp. Die skade aan die landbou kring uit en raak uiteindelik alle fasette van die samelewing.
In só ’n tyd van ramp op ramp wonder ’n mens onwillekeurig hoekom dit gebeur. Interessant dat daar in Joël 1 niks oor sonde en afvalligheid gesê word nie. Daar word wel ’n vasdag uitgeroep (vers 14) sodat almal tot die Here kan roep om uitkoms uit die ellende wat oor hulle gekom het.
Wat my opval, is die Here se solidariteit met sy mense. Dis nie net hulle wat swaarkry nie. Die wingerde en vyebome (vers 7) is immers die Here s’n ook. Hy ly saam met sy volk. In ’n tyd soos nou, waarin die pandemie ons almal getref het en die ekonomie geknou het, en die gevolge uitkring tot selfs die gemeentes begin swaarkry, kan ons twee dinge weet:
• Die Here is nie afsydig of afwesig nie. Hy treur saam met ons oor die ellende.
• Net Hy kan help. Daarom moet ons soos die Jode ons voor Hom verootmoedig en opnuut ons afhanklikheid van Hom erken.



Inleiding tot die boek Joël

Kyk na hierdie insiggewende video-opsomming van die boek Joël: https://www.youtube.com/watch?v=zQLazbgz90c

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026